'N RELASIONELE HERMENEUTIEK VIR DIE PRAKTIESE TEOLOGIE

Dr. CS Steyn[1]
Praktiese Teologie
Universiteit van Pretoria
Pretoria

ABSTRACT

A RELATIONAL HERMENEUTICS FOR PRACTICAL THEOLOGY

Hermeneutics can be understood as interpretation in a broader or narrower sense and is always related not only to language but also to relationships and encounters. The aim of this article is to emphasise the underlying presence of relational hermeneutics in Practical Theology. The etymo-logical and epistemological roots, a few definitions and the chronological development of hermeneutics are explicated. The function of interpersonal misunderstanding and relational prejudice in hermeneutics is shown. Emphasis is placed on the hermeneutic-relational character in the doctrines of the Trinity, Christology and Pneumatology. In a Christological-Pneumatological interaction the role of a relational ecclesiology is elucidated. In a theonome reciproc-ity two aspects are illuminated, namely pneumatological reciprocity and theological-anthropological perspectives. It is evident that divine salvation and human existence are interdependent and that in relational terms such as the Covenant, the Decalogue and the Kingdom of God, a relational hermeneutics is the underlying interpretative means.

[1] Die artikel sluit aan by 'n PhD-proefskrif in Praktiese Teologie deur dieselfde skrywer wat aan die einde van April 2008 aan die Universiteit van Pretoria voltooi is. Professor Cas Vos was die promotor en Professor Hennie Pieterse die mede-promotor.

1 INLEIDING

Hermeneutiek lê op die terrein van al die geesteswetenskappe en daarom word daar eers enkele algemene opmerkings oor hermeneutiek gemaak. Daarna volg ’n fynere teologiese toespitsing daarvan om dan uiteindelik uit te kom by ’n prakties-teologiese hermeneutiek. Die bedoeling van hierdie artikel is om iets van die verhoudingsmatige aard van hermeneutiek te verreken en aan te toon dat relasionele hermeneutiek soos ’n goue draad in prakties-teologiese hermeneutiek (veral homiletiek en liturgiek) ingeweef is.

1.1 Etimologiese en epistemologiese wortels van hermeneutiek

Hermeneutiek vind sy wortels in die Griekse hermeneuein. Volgens Schmidt (2006:6) verwys die Griekse hermeneuein na “express aloud, to explain or interpret and to translate”. Etimologies word die woord “hermeneutiek” aan die Griekse boodskappergod Hermes verbind, wat die wense en wil van die gode aan die mensdom oorgedra het. Die Latynse ekwivalent is die betekenisvolle inter-pretatio waarvan die Engelse en Afrikaanse woorde interpretation en “interpretasie” afgelei is. Hoewel hermeneutiek ten nouste aan taal verbonde is, is dit terselfdertyd ook aan verhoudings gekoppel. Waar boodskappers en die mensdom ter sprake kom, is daar sprake van 'n relasionele hermeneutiek.

1.2 Enkele definisies van hermeneutiek

Schmidt (2006:1) definieer hermeneutiek gewoon as interpretasie, of die teorieë ten opsigte van die korrekte interpretasie van tekste. Louw (1998:102) bied ’n tegniese definisie vir hermeneutiek aan wat help om die essensie van hermeneutiek te verstaan: “As a technical term, hermeneutics simply refers to interpretation. It describes the science or principles of interpretation. It illuminates the movement of understanding and communication between two entities or texts. In our case, the text of Scripture and church tradition, and the text of human beings within different contexts”. Hermeneutiek dui dus in kort op betekenisoordrag in ’n kommunikasieproses (Louw 1998: 98). Alle kommunikasie is verhoudingsbepaald (relasioneel) en geskied tussen P(p)ersone.

Sodanige oordrag van betekenis vind onder andere ook in die dialogiese erediensgebeure (homiletiek en liturgiek) plaas. In die ere-

diens gaan dit nie net oor ’n “gesprek” wat plaasvind tussen God en mens en mens en mense nie, maar ook om ’n “ontmoeting”. God tree dus nie bloot in gesprek met die erediensgangers nie, maar Hy tree (relasioneel) in verhouding met mense. Eintlik is die erediens-ontmoeting maar net die publieke deeltjie van die relasionele aard van die menslike omgang met God en medemens, aangesien die hele aard van “kind van God”-wees in verhoudingsterme omskryf sou kon word.

1.3 Hermeneutiek as lewensfilosofie

Hermeneutiek sou in ’n breër verband selfs as ’n lewensfilosofie verstaan kon word. “Hermeneutiek is daarop gerig om menslike verstaan en selfverstaan te bevorder, en as sodanig kan dit as ‘praktiese filosofie’ verstaan word” (Vos 1996:14; vgl Jeanrond 1991:56). Friedrich Schleiermacher staan bekend as die grondlegger van ’n (universele) filosofiese hermeneutiek (Rossouw 1981:22). Schleiermacher was volgens Jeanrond (1991:44) die eerste herme-neutiese eksponent van die filosofiese hermeneutiek waarvan die hermeneutiese lyne tot en met Ricoeur sou ontwikkel. Veral Hans-Georg Gadamer (1900–2002) volg in sy voetspoor en ontwikkel 'n filosofiese hermeneutiek wat krities staan teenoor die positivistiese natuurwetenskaplike metodologie en erns maak met tradisie én geskiedenis (Gadamer 1994:25–26).

1.4 Die rol van potensiële misverstand in hermeneutiek

In ’n normale gesprek (verhouding) word daar ideaal gesproke 'n boodskap deur die sender oorgedra en deur die ontvanger gehoor en verstaan, wat dan weer 'n boodskap terugstuur en die sekondêre sender word. So beweeg die kommunikasie in ’n dialogiese proses heen en weer. Die probleem kom egter in by misverstand, dat die ontvanger nie die boodskap van die sender verstaan nie, of reken dat hy/sy dit verstaan, maar dit nie werklik verstaan nie. Daar vind “misverstaan” plaas. Misverstand is die hart van die hermeneutiese probleem (Rossouw 1981:25). In verhoudingstaal dui dit ook op verhoudingsproblematiek. Mense verstaan mekaar verkeerd – dit gaan nie bloot om ’n taalkundige misverstand nie, maar om ’n verhoudingsmatige “verkeerd verstaan”. Die uitdaging is nie net om dit wat te verstane gegee word op ’n geslaagde wyse te verstaan nie, maar ook om wie

dit te kenne gee, te verstaan. Misverstand vind tussen persone plaas en ook dit wys in die rigting van ’n relasionele hermeneutiek.

Gadamer maak in hierdie verband baie van die begrip vooroordeel (*prejudice*). Vooroordele is ’n absolute voorwaarde vir verstaan in Gadamer se filosofiese hermeneutiek (Schmidt 2006:8; Pieterse 2001:-82). Dit is belangrik om daarop te let dat vooroordeel in Gadamer se perspektief, nie noodwendig die teenoorstaande pool van 'n of positiewe voorveronderstelling is nie, met ander woorde negatief is nie, maar dat dit deel vorm van verstaan en verbind is met die eindige historisiteit van die menslike wese, of die voorveronderstelling reg of verkeerd is, al dan nie (Ricoeur 1981:71).

Volgens Gadamer (1979:238-239) vra hermeneutiek nie dat 'n mens neutraal staan of jouself ontken nie, maar eerder die bewustelike inagneming van jou vooroordele en vooropgestelde idees. “Vooroordeel is 'n belangrike begrip in die versmelting van verstaanshorisonne. Vooroordeel geld as die horison van die hede. Indien ek myself dan in 'n ander se gesigspunt plaas, konfronteer ek myself met my eie vooroordeel (my huidige horison). En in hierdie dialektiese spanning tussen myself en 'n ander, en tussen die historiese teks en die gesigspunt van die leser (hoorder), word vooroordeel werksaam in die geskiedenis” (Steyn 2008:154).

Tog veronderstel Ricoeur (1981:77) dat daar, onderliggend aan elke misverstand, ten minste in beginsel reeds die onderliggende moontlikheid van konsensus (gedeelde voorafverstaan) bestaan. Dit impliseer dat verstaan en misverstand op dieselfde vlak lê (Ricoeur 1981:83). Dit sou die verstaan/misverstaan van tekste impliseer, maar sekerlik ook van toepassing wees op die mis-/verstaan van mense in 'n verhoudingsverband. In die erediensgebeure kulmineer die potensiële (mis)verstaan van tekste (Bybel) en van mense (liturg en erediensgangers) en maak dit die (relasionele) hermeneutiek 'n ingewikkelde uitdaging.

1.5 Ses kronologiese invalshoeke ten opsigte van die hermeneutiek

Van meet af aan het hermeneutiek te doen met die wetenskap van interpretasie en dus ook met grondige eksegese. Tog sou 'n mens op die voetspoor van Palmer (1977:33) ses historiese ontwikkelingstadia van hermeneutiek kan onderskei. Elke betekenismoontlikheid verteenwoordig 'n spesifieke perspektief van waaruit hermeneutiek

beskou is/word en bring verskillende beskouings ten opsigte van interpretasie na vore. “Each of these definitions is more than an historical stage; each points to an important ‘moment’ or approach to the problems of interpretation. They might be called the biblical, philological, scientific, geisteswissenschaftliche, existential, and cultural emphases” (Palmer 1977:33). Hermeneutiek het dus soos volg ontwikkel:

1. Die teorie ten opsigte van Bybelse eksegese.
2. Die ontwikkeling van 'n algemene filologiese metodologie.
3. Die wetenskap verbonde aan alle taalkundige interpretasie.
4. Hermeneutiek as die metodologiese basis van die Geesteswetenskappe.
5. Die fenomenologie van bestaan (syn) en van eksistensiële verstaan.
6. Sisteme van interpretasie, beide rekollektief en ikonoklasties wat deur die mens gebruik word om die betekenis agter mites en simbole te ontsluit.

Let daarop dat hierdie ontwikkelingstadia nie afgeslote (eksklusiewe) fases veronderstel nie, maar eerder stelselmatige ontwikkeling, sodat ’n mens in meerdere of mindere mate oorvleueling en selfs die gelyktydige funksionering by verskillende hermeneute kan verwag.

2 TEOLOGIESE HERMENEUTIEK

Hermeneutiek sou in terme van teologiese interpretasie enger gedefinieer kan word as teologiese hermeneutiek, waaronder ons op voetspoor van Smit (2006:17) die volgende kan verstaan:

> ... ’n soort lees wat die ‘implisiete beslissings’ in die kanon self – die veronderstellings wat die Bybel in die eerste plek moontlik gemaak het – respekteer. Dié implisiete beslissings behels onder meer dat God drie-enig is, dat die lewende drie-enige God deur die Bybel praat en daardeur bekend word, dáárin dat Hy mense roep, hulle vernuwe om deel te word van hierdie roeping, en belowe dat sy Woord en roeping nie leeg sal terugkeer nie, maar in vervulling sal gaan.

Keifert (2006:165) verstaan (teologiese) hermeneutiek meer tegnies as "A technical term for talking about the way we read and interpret texts and the world… we use hermeneutics to attend to the assumptions that often work 'behind our back' that nonetheless profoundly shape how we interpret the Scriptures and the world. We especially attend to the narratives and metaphores that deeply shape what we see, hear, and experience". Die onbewuste en verskuilde motiverings en aannames van mense asook verhale, metafore en sintuiglike belewenis speel dus in teologiese hermeneutiek 'n sleutelrol. Wat van belang is in 'n relasionele hermeneutiek, is dat dit handel oor die motiewe, aannames en interpretasie van mense en in teologiese hermeneutiek, ook van God. Die implisiete aanname wat teologiese hermeneutiek onderlê, is dat God Homself persoonlik (deur die Bybelse teks) aan mense openbaar. Teologiese hermeneutiek is dus per implikasie 'n relasionele hermeneutiek.

3 PRAKTIES-TEOLOGIESE HERMENEUTIEK

Hermeneutiek lê nie net in die hart van die teologie (en daarom ook die praktiese teologie) nie, maar ook in die hart van liturgiek en homiletiek. "Hermeneutics deal with the process of understanding. This concept is not only significant for practical theology, but is also a key and a bridging word in homiletics" (Vos 2005:298). Hermeneutiek het ten doel om (soos die praktiese teologie) te fokus op die konkretisering en toepassing van die heilsboodskap in die leer en lewe van die kerk (Louw 1998:98). Hierdie toepassing en verstaan van hermeneutiek kan nie anders as om relasioneel (verhoudingsmatig) en kontekstueel verstaan te word nie. "Practical theology tries to interpret and translate the praxis of God in terms of human and existential issues through the action of communities of faith – the ministry of the church in the world" (Louw 1998:98).

'n Mens sou basies drie vlakke in die hermeneutiese proses kan onderskei (Vos 1996:12). Die eerste vlak gaan oor die ontsyfering van die historiese betekenis van tekste in hulle konteks en handel oor die verklaring van tekste (*explicatio*). Die hermeneutiese proses op die tweede vlak gaan om die verstaan van tekste (*intelligentia*) en oorbrug die hermeneutiese spanning tussen die hede en die verlede. Die teks/boodskap word in eie tyd en kultuur verstaanbaar gemaak. Die mens vir wie die heil bedoel is, kom op die derde hermeneutiese

vlak tot verstaan en eien hom/haar dit toe. Die teks/boodskap word relevant vir die persoonlike bestaan van die mens en word persoonlik en lewensveranderend toegepas (*applicatio*). Hier ontmoet die homiletiek, liturgiek en hermeneutiek mekaar en verseker dat die heil van God aan die mens hoorbaar, verstaanbaar én toepaslik gemaak word (Vos 1996:12; vgl Misgeld & Nicholson 1992:vii).

3.1 Trinitaries-relasionele hermeneutiek

In 'n relasionele hermeneutiek kom die Drie-enige God as Persoon(e) en elkeen se rol en verhoudinge (ten opsigte van mekaar en die mens) ter sprake. "God drie-enig skenk sy genade deur die vleesgeworde Woord, Jesus Christus, aan die mens en realiseer en bevestig dit deur sy Heilige Gees" (Steyn 2008:84). God openbaar Homself as Persoon(e) in die Ou en Nuwe Testament aan die mens en kom tree met ons in verhouding. "The basis of salvation comprises the actions of God in the Old Testament, as embodied in Jesus Christ in the New Testament. Following the resurrection and ascension of Jesus Christ, He is with us in the Spirit. This presence is not imagined or dreamt, but a reality. The Paraclete is in our midst" (Vos 2005:300).

Ook in die homiletiek (en liturgiek) geld 'n hermeneutiek wat by die Persoon van God begin en eindig. "Die ontmoetingsgebeure in die erediens vind plaas deur die inisiatief en op grond van die genade van die drie-enige God wat uit liefde met mense (erediensgangers) in verhouding (en in gesprek) tree" (Steyn 2008:58). Barth (1991:44) maak in hierdie verband ten opsigte van prediking 'n dubbele homiletiese kwalifisering wat in 'n geslote sirkel by God begin en by God eindig en beide tegelyk gehandhaaf moet word: *"Preaching is the Word of God which He himself speaks, claiming for the purpose the exposition of a biblical text in free human words that are relevant to contemporaries by those who are called to do this in the church that is obedient to its commission"* en *"Preaching is the attempt enjoined upon the church to serve God's own Word, through one who is called thereto, by expounding a biblical text in human words and making it relevant to contemporaries in intimation of what they have to hear from God himself"* (Barth 1991:44).

De Klerk (2007:187) verwys op voetspoor van Heitink (1999) in dié verband na die begrip *"bipolarity"* wat die dinamiese dialogiese interaksie tussen die drie-enige God en die mens in homiletiese en

hermeneutiese terme omskryf. Dit impliseer 'n relasionele hermeneutiek. Hierdie interaksie lê in die hart van die missionale gemeentewees (gestuurde gemeentes) wat soos die *emerging* kerk (maar met ’n ander uitgangspunt) ’n brug probeer bou na die eietydse samelewing. Die uitgangspunt wat die gestuurde gemeentes (missionale kerk) onderlê, is die *Missio Dei*, die sending van en deur die drie-enige God.

Die verhoudingsmatige aard van God drie-enig se betrokkenheid by die mens speel dus in teologiese hermeneutiek ’n wesenlike rol. In dié verband moet veral gelet word op die aard en implikasies van die “verbondsverhouding” wat God drie-enig met mense het en die antwoord van die volk deur wetsonderhouding en gehoorsaamheid. Hier speel die teologies-antropologiese begrippe “verbond” en “wet” ’n sleutelrol (Pieterse 1993:164; Vos 1996:64). ’n Derde begrip wat die verhouding tussen God (drie-enig) en die mens kwalifiseer, is die begrip “koninkryk” (Pieterse 1993:164; Vos 1996:64).

3.2 Christologies-relasionele hermeneutiek

In die Nuwe Testament openbaar God drie-enig Homself aan die mens deur die tweede Persoon in die Drie-eenheid, naamlik Jesus Christus wat mens geword het en tussen mense kom woon het. Christus kom tree in verhouding en gesprek met sondige mense en word so die Middelaar wat die verhouding tussen God en mens herstel en vestig. Dus impliseer ’n geldige teologiese hermeneutiek altyd ’n verhoudingsmatige Christologiese inkarnasie en ’n kontekstuele inagneming van die geloofsgemeenskap. “Perhaps one is forced to conclude… that, theologically, a hermeneutic of an embodied text reflects an incarnational Christology, in which revelation operates through the interwovenness of word and deed. It also coheres with a theological account of the role of the community in which their actions and witness give credibility to, and facilitate understanding of, the word which is spoken and read” (Louw 1998:104–105).

In terme van die liturgiek en homiletiek impliseer dit dat die prediking en ’n erediens altyd openbaringsmatig Christologies funksioneer. *“The two points that determine whether a sermon is in accord with revelation are Christmas and the day of Christ. If preaching is within these two points, it conforms to revelation. All that is said must always be said between these two points”* (Barth 1991:55).

Vos (1996:104) verduidelik dit so: “In die erediens ontvang mense die heil in al sy vorme en variasies … daarom moet die preek die konsentrasie op Christus volhou. Hy is die Heilsmiddelaar. Uit Hom moet die heil bemiddel word. Hy het die heil gerealiseer”.

In ’n sin geld dit ook terugwerkend van die Ou Testament. Die basis van verlossing is God se handelinge in die Ou Testament, wat in Jesus Christus in die Nuwe Testament geopenbaar is (Vos 2005:300). Natuurlik beteken dit nie dat die liturg die Christologie op die Ou Testamentiese teks moet afdwing nie, maar wel dat die erediensgangers nooit anders kan as om die versamelde liggaam van Jesus Christus te wees nie (Vos 2005:300). Dieselfde God drie-enig (van die Ou en Nuwe Testament) is met ons besig. Die implikasie hiervan is dat Christus miskien nie direk (as fokus) deel uitmaak van die teks nie, en dus in die teks ‘ingelees’ moet word nie, maar dat Hy wel integraal deel is van die konteks van 'n gelowige. “’n Christen kan tog nooit die Bybel, nie eers die Ou Testament, lees sonder om ook sy (eie) Christologiese (Nuwe Testamentiese) status te erken en te verreken nie” (Steyn 2008:86). Hier kom die intertekstualiteit van tekste ter sprake (Vos 2005:300–301).

Die implikasie is dus dat 'n Christologies begronde homiletiek (en liturgiek) deel uitmaak van die konteks, sowel as die toepassingsterrein van die geloofsgemeenskap. ’n Mens sou die derde funksie van die kerk as gemeenskap wat Heitink (2007: 40&335) as “kongregasie” (versameling) beskryf, in hierdie verband kon beskou. “In die samekomste van die geloofsgemeenskap (onder andere die eredienste) vier die liggaam van Christus die heil wat deur die persoon en werk van Jesus Christus aan ons geskenk is. Dit is die grondtoon van alle homiletiek en liturgiek in die erediens” (Steyn 2008:86–87).

3.3 Pneumatologies-relasionele hermeneutiek

Ook die derde Persoon in die Drie-eenheid, die Heilige Gees, speel ’n kardinale rol in die verhoudingsmatige en dialogiese kommunikasie van die Evangelie. God se heil in Christus aan die mens word pneumatologies geëffektueer. “Die Gees is die Persoon wat die heil bemiddel… Hy verlig die prediker en die hoorder. Die verligting het ’n Christologiese gerigtheid. Die Gees wil dat mense Christus kan sien en in Hom kan glo” (Vos 1996:105). Vanuit die Ou en die Nuwe

Testament open die Heilige Gees vir mense die weg tot saligheid (Vos 2005:300).

"Die werk van die Gees is, in die verbreiding van die Evangelie na die hemelvaart van Jesus Christus, ook wesenlik kommunikatief" (Pieterse 1993:135). Hierdie stelling werp lig op die verhouding tussen God en mens en die interpersoonlike interaksie tussen God en mens asook tussen die Persone van die Heilige Gees en Christus. Hier gaan dit enersyds oor 'n Christologies-pneumatologiese wisselwerking en andersyds oor 'n teonome wederkerigheid.

4 'N CHRISTOLOGIES-PNEUMATOLOGIESE WISSELWERKING

Pieterse (1993:136) identifiseer twee grondlyne in terme van die Christologies-pneumatologiese wisselwerking: "Die eerste verhoudingslyn het te make met die Gees as gawe aan Christus, en die tweede met die Gees as gawe van Christus" (Pieterse 1993:136). Die menswording van Jesus is 'n pneumatologiese gebeure waar die Heilige Gees by die verwekking van Jesus Christus betrokke was. Verder was die Heilige Gees blywend by Jesus teenwoordig in sy lewe as Messias; in sy sterwe en in sy opstanding. Daarna word die Heilige Gees die Eerstelinggawe van Christus (God) aan mense (die kerk). As Parakleet kommunikeer die Heilige Gees die heil van God aan (en deur) mense (Pieterse 1993:136-137). Dit doen Hy deur die gemeente (ecclesia) wat verhoudingsmatig funksioneer en ook in relasionele terme verstaan moet word.

4.1 'n Relasionele ekklesiologie

Volgens Pieterse (1993:158) is die kerk tegelykertyd 'n dinamiese organisme én 'n gestruktureerde organisasie. "Die kerk bestaan in die wêreld as die gemeente van Jesus Christus en het as sodanig 'n teologiese identiteit. Die kerk is teologies gesproke die liggaam van Christus en is as sodanig 'n organisme. Maar die kerk bestaan ook in die wêreld as 'n gewone menslike instelling ... en is as sodanig 'n organisasie" (Pieterse 1993:158). In hierdie verband is twee gesigspunte in 'n prakties-teologiese ekklesiologie belangrik "naamlik 'n kommunikatiewe perspektief en die fokus op die funksies van die kerk" (Pieterse 1993:158).

Beide hierdie gesigspunte word deur verhoudings onderlê en speel ’n belangrike rol in relasionele hermeneutiek. Die gemeente van die Here is 'n kommunikatiewe gemeenskap waarbinne en waarvandaan die kommunikasie van die Evangelie plaasvind. As organisme besit die kerk pastorale funksies en as organisasie sosiale funksies (Steyn 2008:64-65; vgl Pieterse 1993:158). Volgens Pieterse (1993:158) verseker die pastorale funksies “dat die kerk aan sy doel en identiteit as liggaam van Christus beantwoord en so sy teologiese doel verwesenlik”, en die sosiale funksies “dat die kerk as 'n menslike organisasie in die moderne samelewing sinvol kan bestaan en optimaal kan funksioneer om so die kerk se sosiale doel te verwesenlik”.

Heitink (2007:37) gebruik op voetspoor van Berkhof (1985:340) die terme “instituut” en “gemeenskap” in ooreenstemmende verband. Heitink (2007:37) lê klem op ’n derde relasionele dimensie wat hy “apostolaat” noem, naamlik die kerk as ’n “bruggebeure” wat ’n rol speel in die voortgaande beweging tussen God en die wêreld. Hier staan en tree die kerk in verhouding met die wêreld in ’n koninkryksperspektief. Dit bepaal ook die kerk se relevansie en impak in die samelewing. *“Waar het instituut er niet in slaagt om gemeenschap te stichten en een brug te slaan naar de wereld om haar heen verliest de kerk aan relevantie”* (Heitink 2007:37). Hierdie derde dimensie vind noue aansluiting by die missionale roeping van die kerk en die missionale gerigtheid van die erediens. Al drie hierdie identiteitskategorieë van die kerk, naamlik die kerk as instituut, die kerk as gemeenskap en die kerk as brug en die dinamiese wisselwerking daartussen, moet dus relasioneel-hermeneuties en ekklesiologies in ag geneem en homileties en liturgies verreken word (Steyn 2008:65).

Heitink (2007:37–40) identifiseer agt faktore wat 'n invloed op die kerk uitoefen wat ook hermeneuties verreken moet word en in vandag se kerkwees onder groot druk kom. Let op dat al die faktore verhoudingsmatig is en gemaklik aansluiting vind by ’n relasionele hermeneutiek. Vier van die faktore verbind Heitink (2007:38–39) met die doelstellings van die kerk as instituut, naamlik kultuur, identiteit, werfkrag en leiding. Die ander vier faktore verbind Heitink (2007:39–40) met die funksies van die kerk as gemeenskap, naamlik inisiasie, partisipasie, kongegrasie en kontemplasie (Steyn 2008:56; vgl Heitink 2007:37–40).

4.1.1 Die kerk as instituut

Volgens Heitink (2007:38) is die eerste doelstelling van die kerk wat as operasionalisering van die kultuurfaktor dien, "inkulturasie". Hiermee verwys Heitink na "integrasie" – 'n proses van aanpassing – in 'n vreemde postchristelike (postmoderne) kultuur. Enersyds gaan dit om die aanpassing van die kerk in 'n omringende kultuur, maar andersyds ook om die vorming van 'n teenkultuur in die soeke na balans en ook ten opsigte van die invloed wat laasgenoemde kultuur op die omringende kultuur uitoefen (Steyn 2008:66; vgl Heitink 2007:38). Die kerk se (gebrekkige) verhouding met die kultuur is die vernaamste rede waarom die hedendaagse kerk stagneer en irrelevant word (Heitink 2007:333). Daarom is dit nou 'n tyd vir die heroriëntasie van die kerk, waarby die subtitel van Heitink (2007) se boek Een kerk met karakter aansluit. "Die postchristelike (postmoderne tydvak) bied dan juis aan die kerk 'n unieke geleentheid en uitdaging om deur inkulturasie 'n bydrae te lewer aan die gemeenskap ten opsigte van singewing, waardevorming, normebepaling en die bevordering van menslikheid. Die gemeenskap word dus positief aangeraak, opgebou en verander deur die kontak met die kerk" (Steyn 2008:66; vgl Heitink 270:333).

Heitink (2007:38) noem die tweede doelstelling van die kerk "integrasie" en hier gaan dit om die operasionalisering van die kerk se identiteit. Hier word die vraag gevra: "Hoe kan die kerk te midde van 'n pluraliteit van geloofsgemeenskappe en 'n verskeidenheid van geestelike belewenisse, en die daarmee gepaardgaande spanning en konflik, haar identiteit (terug)vind?" Hierdie vraag raak die diepste wese van kerkwees (Steyn 2008:67). Heitink (2007:334) se antwoord sluit aan by 'n relasionele hermeneutiek: Die identiteit van die kerk lê in Jesus Christus. *"De kerk staat of valt met een meerstemmige articulatie van het ene geloof in Jezus Christus. Daarin ligt haar identiteit"* (Heitink 2007:334: vgl Steyn 2008:67).

Die derde doelstelling van die kerk as instituut wat deur Heitink (2007:38) "evangelisasie" genoem word, handel oor die werfkrag van die kerk. Hier gaan dit oor die wyse waarop die kerk as bruggemeenskap met die samelewing in verhouding en in gesprek tree. Indien die kerk daarin slaag om aansluiting te vind by die mense in die samelewing, oefen die kerk met woord en daad invloed uit op die samelewing en groei die kerk kwantitatief sowel as kwalitatief. Indien die kerk die samelewing egter nie raak nie, word

die kerk selfsugtig na binne gekeer (Steyn 2008:68; vgl Heitink 2007:38).

Die vierde doelstelling is die operasionalisering van leiding-gewing deur die kerk en word deur Heitink (2007:39) as "organisasie" beskryf. Dit handel hier oor die rapport van die geloofsgemeenskap met die omringende gemeenskap (Steyn 2008:68; vgl Heitink 2007:39). "Die kerk het 'n leidende aandeel in die vorming en dinamika van die samelewing. Die vraag is in watter mate die kerk 'n aandeel aan (of oplossing vir) die problematiek van die samelewing het en of (en hoe) die kerk positiewe leiding gee? Hier gaan dit dus om die ontwikkeling van die kerk as organisasie" (Steyn 2008:68). Volgens Heitink (2007:335) moet die struktuur van die kerk die geloofsinhoud en geloofsaak van die kerk wat ook in relasionele verband met Christus (die *Sache Jesu*) beskryf kan word, volg en dien (Heitink 2007:335; vgl Steyn 2008:68).

4.1.2 Die kerk as gemeenskap

Die eerste funksie wat Heitink (2007:39) aan die kerk as gemeenskap verbind, is "inisiasie", die operasionalisering van die faktor van godsdienstige opvoeding en opleiding. Die kerk is 'n "deurgee"-gemeenskap waarin mens van jonk na oud al meer ingelyf word in die lewe van die gemeente en waarin geloofswaarhede en -tradisies van geslag tot geslag oorgedra word, of nie oorgedra word nie (Steyn 2008:68; vgl Heitink 2007:39).

Volgens Heitink (2007:39) is die tweede funksie van die kerk "partisipasie" wat die operasionalisering van die faktor van lidmaatskap (werfkrag) is. Lidmaatskap vra meedoening en deelname aan die gemeentelike lewe en bring bepaalde verpligtinge en verantwoordelikhede mee. Die probleem is dat al minder mense in ons tyd verantwoordelikheid aanvaar vir die kerklike en gemeentelike lewe (Heitink 2007:40; vgl Steyn 2008:69).

"In 'n tyd van heroriëntasie van die kerk, is die aard van deelname (partisipasie) van kardinale belang. Dit is 'n deelname van mense onder leiding van die Heilige Gees as deel van die vriendekring van Jesus Christus" (Steyn 2008:69; vgl Heitink 2007:334). In die hedendaagse postchristelike tydvak moet ons volgens Heitink (2007:334) dus eerder vashou aan 'n Johannese ekklesiologie wat met 'n vriendskapsmodel werk, as aan 'n Pauliniese ekklesiologie wat met 'n ampte-model funksioneer. "Die duidelike onderskeiding

tussen lidmate en nie-lidmate vervaag dus aangesien almal vriende of vriendinne van Christus is (en moet wees)" (Steyn 2008:69). Ook hier is die relasionele benadering duidelik.

Dit vereis dus "vriendskapsevangelisasie", want die gemeente wil en mag tog nie die geloof (en verlossing) vir haarself hou nie (Heitink 2007:335). "Dit vra 'n voortdurende en vernuwende koninkryksgerigte denkwyse. 'n 'Agterstevoor' manier van dink, van buite na binne, waarin daar vanuit die mense wat nog buite die kerk is se perspektief na die kerk en kerkwees gekyk word; met ander woorde 'n oop kerk en gemeente in diens van die gemeenskap" (Steyn 2008: 69; vgl Heitink 2007:335).

Heitink (2007:40;335) beskryf die derde funksie van die kerk as "kongregasie" (versameling) waarmee hy die versamelde gemeente as grondvorm van die kerk bedoel. Hier gaan dit om die operasionalisering van die ritueel-faktor en die erediens as 'n publieke getuienis. "Die kerk as geloofsgemeenskap is sigbaar in haar samekomste waarvan die erediens deel is. Die samekoms van die gemeente gaan om die eer van God en die heil van mense" (Steyn 2008:70; vgl. Heitink 2007:40). Die kerk moet in die tyd waarin ons lewe die geleenthede en uitdagings ten opsigte van die viering van die heil in die Persoon en werk van Jesus Christus, aanvaar en benut. In die samekomste van die gemeente werk die Here deur sy Gees en sy Woord en is die gemeente waarlik *ecclesia*, uitgeroepenes, geroep om gesond te word en gesond te maak (Heitink 2007:335; vgl Steyn 2008:70).

Hierin staan die rol van die erediens en liturgiek sentraal. Die erediens maak as die samekoms van die gemeente, die hart van die gemeente én gemeentewees uit. Heitink (2007:229) merk op dat *"het samenkomen, de vergadering der gelovigen, van constitutieve betekenis is voor elke vorm van gemeente-zijn. Het is niet iets bijkomstigs, maar de grond van haar bestaan, het hart van de zaak"*. Liturgiek en homiletiek lê dus in die kern van die ekklesiologie. "Erediensgangers vorm as geloofsgemeenskap die sigbare liggaam van Jesus Christus. Daarom kan liturgieviering in die erediens nie losgemaak word van die onderlinge verbondenheid (verhouding met God en met mekaar nie), en sal gemeenskap sonder 'n lewende liturgie in 'n ongebalanseerde sosialisering ontaard" (Steyn 2008:45; vgl Heitink 2007:229). Die versamelde gemeente bestaan dus uit erediensgangers met verskillende persoonlikheidstyle en -spiritualiteite wat in die dialogiese samekoms (erediens) én in die verhou-

dingsnetwerke van die gemeente verreken sal moet word (Steyn 2008:45). Ook hier is ’n relasionele (verhoudingsmatige) hermeneutiek onderliggend.

Ekklesiologies kan “kongregasie” (versameling) aan die Christologiese sowel as aan die pneumatologiese begronding gekoppel word. In die samekomste van die gemeente werk Christus deur sy Gees en sy Woord en word die gemeente opgeroep om genees te word én te genees (Heitink 2007:335; vgl Steyn 2008:87). Malan Nel (2001:23–27) praat in hierdie verband Christologies van die persoonwees van die gelowige as ontwikkelende mens en pneumatologies van die persoonlikheid van die gelowige as gawe. Dit geld alle lede van die geloofsgemeenskap (die liturg én die erediensgangers).

Die vierde funksie “kontemplasie” (geestelike oorweging) is volgens Heitink (2007:40) die operasionalisering van die faktor spiritualiteit. Dit handel hier om die vorming van individuele geloof en geloofsonderskeiding te midde van die geloofsgemeenskap. Geloof is die diepste geheim van die kerk wat ervaring, belewing en aanbidding vra. Volgens Heitink (2007:40; vgl Steyn 2008:70) lyk dit asof geloof in ons tyd skaars word en van karakter verander. Daar is al minder sekerheid en al meer twyfel. Hierin sal ’n kerk (gemeente) van karakter en integriteit al meer ’n balanserende (en apologetiese) rol moet vervul (Heitink 2007:40; vgl Steyn 2008:70). Kontemplasie sluit ook aan by die pneumatologies-relasionele begronding van die hermeneutiek. Dit gaan hier oor pneumatologiese onderskeiding, die onderskeidingsvermoë wat die Heilige Gees aan die gemeente verleen waardeur geloof en spiritualiteit gekweek word en groei (Steyn 2008:88–89).

5 'N TEONOME WEDERKERIGHEID

God drie-enig, Vader, Seun en Heilige Gees, skakel die mens persoonlik en aktief in sy heilswerk én die kommunikasie daarvan in volgens die denke van Van Ruler. “God skakel die mens aktief in by die verkondiging van die Evangelie. Trouens, Hy maak ons deel van sy liefdesboodskap en heilstoesegging hier op aarde” (Steyn 2004: 38).

Dit gaan dus om 'n teonome wederkerigheid waarvoor die Heilige Gees 'n ruimte skep. Die Gees gebruik mense “om die Evangelie te kommunikeer … deur hulle vermoëns, persoonlikhede, redelikheid, kommunikasievaardighede en handelingskompetensie in

vryheid en selfstandigheid … in die geloof dat die Gees hulle werk in diens neem" (Pieterse 1993:139). Die gemeente word dus die kommunikatiewe ruimte waarin (en waardeur) die Heilige Gees die boodskap van heil oordra. Heitink (2007:41) verwys in dié verband na die konsep van "teonome resiprositeit". God voltrek sy heilshandelinge deur sy Gees in en met mense en dus is daar sprake van wederkerigheid.

5.1 'n Pneumatologiese resiprositeit

Nel (2001:15) lê ook klem op hierdie "pneumatologiese resiprositeit" en wys op die inter-P(p)ersoonlike wisselwerking tussen Christologiese plaasvervanging en pneumatologiese resiprositeit: "Die Gees herstel 'n verhouding deur die Middelaar en met die Skepper waar ons ons rol as medewerkers weer begin verstaan ... Die Gees werk in en deur en met ons" (Nel 2001:15). "Die liturg en erediensganger word met hulle volle menswees en persoonlikheid volledig ingeskakel en in diens van die Evangelie gebruik, sonder om marionette of slegs objektiewe kanale te wees waardeur God se waarheid vloei" (Steyn 2008:60).

Die heilshandelinge van God is egter nie net beperk tot die erediensgebeure of gerig op die gemeente *per se* asof die kerk die begin en einde van God se liefde vir die mens is nie. Dit gaan immers oor die koninkryk van God. Die gemeente word toegerus en aangespoor en deur die Heilige Gees gebruik om juis God se heil aan die wêreld te kommunikeer, hoewel die Heilige Gees dit op ander maniere ook doen (Pieterse 1993:142; vgl Steyn 2008: 59). De Klerk (2007:187) verduidelik iets van die relasionele dinamika van die "teonome wederkerigheid": *"The point of departure therefore implies that divine salvation and human reality are actually interdependent. The one cannot fully exist without the other. This view creates room for elements like encounter and experience"* (vgl Heitink 1999:195). Weer eens word in dié uitgangspunt gebruik gemaak van relasionele terme soos onder andere ontmoeting, wat dui op hermeneutiese verhoudingsmatigheid ('n relasionele hermeneutiek).

Dit is dus primêr die Heilige Gees se rol om die heil te bemiddel deur sy Woord en inwoning in mense, maar Hy skakel die mens hierby in. Die "Gees maak van God se Woord (heilsmiddel) gebruik om die mens tot heil te oorreed. Hy beweeg die mens daartoe om hom aan die gesagvolle en betroubare Woord oor te gee" (Vos

1996:63). Hierdie wonder is in die liturgiek en homiletiek van kardinale belang: "Aangesien die Heilige Gees mense (ook die liturg) gebruik om sy heil te bemiddel, is die wisselwerking tussen liturg en erediensganger van die allergrootste belang. Die Bemiddelaar van die heil (Heilige Gees) gebruik die bemiddelaar van die heil (liturg) om die erediensganger te bereik en so word die erediensganger weer bemiddelaar van God se heil in die wêreld, die liturgie van die lewe" (Steyn 2008:88).

5.2 Teologies-antropologiese perspektiewe

As deel van die teonome wederkerigheid het die liturg/homileet altyd bewustelik of onbewustelik 'n spesifieke teologies-antropologiese perspektief op die erediensgangers (gemeentelede) en hulle vice versa natuurlik op hom/haar en mekaar, wat in die erediens en in die gemeentebediening verreken moet word (Steyn 2008:75). Hierdie perspektiewe is net so fundamenteel deel van die verhoudingsmatige wisselwerking in die gemeente en die erediens, soos wat Gadamer se vooroordele deel uitmaak van alle hermeneutiek. Die prediker het byvoorbeeld "implisiet of eksplisiet 'n teologiese beeld van sy hoorder" (Vos 1996:203) en die hoorder weer van die prediker. Daar is bewustelike en onbewustelike perspektiewe op en verwagtinge van mekaar.

So moet erediensgangers volgens Barth (1991:84) deur die prediker as "aan God behorende" gesien word. Predikers staan in 'n verhouding met hulle hoorders en moet hulle gemeentes werklik liefhê en met hulle mééleef (Steyn 2008:26). Kennis en inagneming van die verskillende persoonlikheidstyl-voorkeure van die erediensgangers sal dit vir predikante makliker maak om hulle roeping en bediening getrou en effektief te kan uitleef (Steyn 2008:26).

'n Verantwoordelike teologiese antropologie moet trouens rekening hou met baie verskillende faktore wat 'n rol speel in ons verhouding met God en met mekaar, onder andere (met) verskillende persoonlikheidstyle (Steyn 2008). In dié verband merk Louw (1998:203) die volgende op: *"It is important that a theological antropology attempts to integrate all these components: I and self, conscious and unconscious, thinking and feeling as well as certain characteristic styles of conduct in responsible behaviour"*.

Buiten hierdie persoonlike (individuele) antropologiese perspektief is daar ook 'n breër (gemeenskaplike) antropologiese perspektief

op erediensgangers waarin die hermeneutiese proses ingebed is. So sou ’n geloofsgemeenskap byvoorbeeld as “sondaars”, “begenadigde sondaars” of “begenadigde begaafdes” uitgebeeld kon word (Dingemans 1991:58–60; vgl Steyn 2008:73). Ons vind 'n geskikte teologiese antropologie in die begrippe van die “verbond”, die “wet” en die “koninkryk” (Pieterse 1993:164; Vos 1996:64). Al hierdie konsepte impliseer ’n relasionele hermeneutiek waarin verhoudingsmatige verstaan en selfopenbaring plaasvind tussen God drie-enig en die mens en tussen mense onderling.

Die “verbond” is 'n sentrale tema in die Ou en die Nuwe Testament wat homileties saam met ander begrippe soos die “wet” en die “koninkryk” as verhoudingsterme binne die raamwerk van “God se verhouding met die mens en die wêreld” ontvou kan word. Dingemans (1991:62–63) verwys in dié verband na die hermeneutiese sleutel waarmee die moderne mens na die Skrif gryp in drie perspektiewe wat kulmineer in 'n verbondsperspektief: Erediensgangers soek hiervolgens na “vertroue op God”, na “bevryding” en na “insig” (sin en betekenis). Die “verbonds”-motief blyk duidelik hieruit. Vertroue tussen God en mens word deur die “verbond” uitgedruk; die wet en die verlossing (genade) word deur God in ’n verbondsverhouding aan die mens gegee én die mens word vernuwe in terme van die verbond en God se beplande toekoms vir hulle (Steyn 2008:74).

Vos (1996:64) verwoord meer hiervan. “In die ruimte oefen God aanspraak op sy verbondsvolk uit en kan sy volk individueel en kollektief op sy woorde antwoord. God se aanspraak en die volk se antwoorde word deur die nakom van die wet uitgedruk. Daarom speel die wet ook 'n belangrike rol in die homiletiese teorie”. Die derde antropologiese begrip wat naas die “verbond” en die “wet” vir die homiletiese teorie onontbeerlik is, is die “koninkryksbegrip” waarin God se ryk en heerskappy onder alle omstandighede en in alle situasies erken word. Die verbond, wet en koninkryk is komplementerende konsepte in die teologiese homiletiese antropologie (Vos 1996:65).

God se koms na die mens en na die wêreld as Skepper en Herskepper, die (deur die sonde) versteurde verhouding tussen God en mens, die herstel van die kommunikasiebreuk tussen God en mens deur die reddende genade van God in Christus en die ambivalente “reeds” en die “nog nie” van God se koninkryk, kenmerk die antropologies-hermeneutiese fokus in 'n eskatologiese koninkryks-

perspektief (Steyn 2008:71). “In die preek word die heil van God in Christus deur die Heilige Gees reeds geskenk. Die heil bring vergifnis, versoening, liefde en geregtigheid. Dit het 'n effek op die mens se verhouding met God, homself, sy naaste en die wêreld. En tog is daar 'n “nog nie” kant van die heil” (Vos 1996:104).

KONKLUSIE

Die artikel toon aan dat die hermeneutiek as teorie in die Praktiese Teologie binne ’n relasionele verband funksioneer. Dit impliseer dat ’n verhoudingsmatige invalshoek ten opsigte van al die terreine van die Praktiese Teologie van pas is, onder andere ook ten opsigte van die liturgiek en die homiletiek. Die implikasie hiervan is onder meer dat die “Persoonlikheid/Persoonlikhede” van die Drie-eenheid, Vader, Seun en Heilige Gees, relasioneel (verbondsmatig) verreken sal moet word in 'n dinamiese wisselwerking met die persoon (likhede) van lidmate en erediensgangers. Nie alleen bied ’n relasionele hermeneutiek ’n relevante en kontekstuele invalshoek ten opsigte van die verstaan van die Woord van God nie, maar bied dit ook ’n verhelderende perspektief op die verstaan van die hedendaagse mens. Só kan die appèl van die Evangelie van Jesus Christus en die verkondiging van die koms van die koninkryk van God persoonlik én verhoudingsmatig oorgedra word aan en verstaan en toegeëien word deur die moderne/postmoderne mensdom. In ’n teonome wederkerigheid en 'n pneumatologiese resiprositeit word mense met hulle persoonlikhede verhoudingsmatig betrek in 'n interP(p)ersoonlike wisselwerking tussen God en mens.

BIBLIOGRAFIE

Barth, K. 1991. *Homiletics.* Bromiley, GW & Daniels, DE (trans). Louisville, KY: Westminister John Knox Press.

Berkhof, H. 1985. *Christelijk geloof.* Callenberg: Nijkerk.

De Klerk, BJ. 2007. Preaching hope within a societal context of hunger and of affluence, in *Preaching as a language of hope*, *Studia Homiletica* 6, edited by Vos, CJA, Hogan, LL & Cilliers, JH. Pretoria: Protea Book House:177–202.

Dingemans, GDJ. 1991. *Als hoorder onder de hoorders: een hermeneutische homiletiek.* Kampen: Kok.

Gadamer, HG. 1979. *Truth and method,* 2nd ed. Glen-Doepel, W (trans). London: Sheed and Ward.

Gadamer, HG. 1994. *Truth in the human sciences,* in Wachterhauser, BR (trans & ed), *Hermeneutics and Truth*. Evanston, IL: Northwestern University Press.

Heitink, G. 1999. *Practical theology: history, theory, action domains.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Heitink, G. 2007. *Een kerk met karakter: tijd voor heroriëntatie.* Kampen: Kok.

Jeanrond, WG. 1991. *Theological hermeneutics: development and significance.* New York: Crossroad.

Keifert, P. 2006. *A missional journey of spiritual discovery – we are here now: a new missional era.* Idaho: Allelon.

Louw, DJ. 1998. A *pastoral hermeneutics of care and encounter – a theological design for a basic theory, anthropology, method and therapy.* Cape Town: Lux Verbi.

Misgeld, D & Nicholson, G (eds). 1992. Hans-Georg Gadamer on education, poetry, and history, in *Applied Hermeneutics.* Schmidt, L & Reuss, M (trans). Albany, NY: State University of New York Press.

Nel, M. 2001. *Ek is die verskil! Die invloed van persoonlikheid in die prediking.* Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Palmer, R. 1977. *Hermeneutics interpretation theory in Schleiermacher, Dilthey, Heidegger, and Gadamer.* 4th edition. Evanston, IL: Northwestern University Press.

Pieterse, HJC. 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN-Uitgewers.

Pieterse, HJC. 2001. *Prediking in 'n konteks van armoede*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika Uitgewers.
Ricoeur, P. 1981. Hermeneutics and the human sciences, in *Paul Ricoeur – hermeneutics and the human sciences. Essays on lan guage, action and interpretation*, edited by Thompson, JB. Cambridge: Cambridge University Press.
Rossouw, HW. 1981. *Wetenskap, interpretasie, wysheid.* Port Elizabeth: Universiteit van Port Elizabeth.
Schmidt, LK. 2006. *Understanding hermeneutics.* Stocksfield, UK: Acumen.
Smit, D. 2006. *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan*. Wellington: Lux Verbi BM.
Steyn, CS. 2004. *'n Prakties-teologiese ondersoek na die invloed van die liturg se MBTI® persoonlikheidstyl op die voorbereiding, inkleding en aanbieding van 'n erediens.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.
Steyn, CS. 2008. *Persoonlikheidstyle by erediensgangers: 'n prakties-teologiese ondersoek na die uitdagings wat aan die liturg gestel word om erediensgangers van alle MBTI® persoonlikheidstyle effektief in eredienste te kan aanspreek.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.
Vos, CJA. 1996. *Die volheid daarvan: homiletiek uit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief.* vol I. Pretoria: RGN-Uitgewers.
Vos, CJA. 2005. *Theopoetry of the Psalms.* Pretoria: Protea Book House.